

GOUDSTAD SO BYNA 'N SPOOKDORP

Dr. A.G. Oberholster

Instituut vir Geskiedenisnavorsing

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Pas voor die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in 1877, dus minder as 'n dekade voor die stigting van Johannesburg in 1886, het Friedrich Jeppe se *Transvaal book almanac and directory for 1877* verskyn. Hierdie publikasie weerspieël die onderontwikkeldheid van die destydse Boererepubliek, hoewel aangedui word dat dit in daardie stadium reeds bekend was dat die staat ryk is aan minerale soos goud, koper, lood, kobalt, yster en steenkool.¹ Die name Pelgrimrus, MacMac en Eersteling sou indertyd ongetwyfeld bekend gewees het by enigiemand wat iets van die ontginning van goud geweet het.

Hoewel gouddraende erts reeds in 1874 op die plaas Blaauwbank, ongeveer 70 km wes van die teenswoordige Johannesburg ontdek is, was die bestaan en omvang van die Witwatersrandse hoofgoudrif heeltemal onbekend. Waar Jeppe hom op daardie tydstip oor die Blaauwbankrif uitgespreek het, moes hy met 'n onsekere opmerking volstaan: "The reef is said to be promising."² In die tien jaar na die ontdekking van goud by Blaauwbank is verskeie betekenisvolle ontdekings aan die Witwatersrand gedoen en baie van die plaaseienaars het stilweg geglo dat hulle letterlik op 'n goudmyn boer. Dit was egter nie voor George Harrison en George Walker in die eerste helfte van 1886 die Witwatersrandse hoofgoudrif op G.C. Oosthuizen se gedeelte van die plaas Langlaagte ontdek het, dat die aangesig van die Witwatersrand begin verander het nie.³

Teen Julie 1886 was die hele Suid-Afrika in rep en roer oor die goudontdekking nadat die nuus landwyd bekend geraak het. Die ZAR-owerheid kon skaars voorbly om delwerslisensies uit te reik en Johannes Petrus Meyer, die verantwoordelike veldkornet vir die wyk Kliprivier, distrik Heidelberg, het sy hande behoorlik vol gehad. Om ordelike ontwikkeling te verseker, is Carl von Brandis op 26 Augustus 1886 as tydelike en voorlopige mynkommissaris aangestel. In dié hoedanigheid het hy op 20 September 1886 die Witwatersrandse goudplase tot openbare delwerye geproklameer.⁴



C.F.P.J. von Brandis (1827-1903), eerste mynkommissaris en landdros van Johannesburg.

FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

Gedurende Oktober 1886 is die regeringsplaas Randjeslaagte deur J.E. de Villiers in erwe uitgemeet. Die eerste erwe waarop die myndorp Johannesburg sou verrys, is op 8 Desember 1886 per openbare veiling te koop aangebied. Pryse het gewissel van so min as £0,15 per erf tot £1 065 vir 'n blok van vyf erwe aan Markplein.⁵ In daardie stadium het die opgewondenheid oor die goudontdekking al ietwat bedaar: genoeg tyd het reeds verloop om dit tot almal te laat deurdring dat die Witwatersrandse goudvelde nie vir 'n arm delwer bedoel is nie en gevoldiglik vir die meeste van die duisende geluksoekers geen heenkomme gebied het nie.⁶

Die konglomerate van die Witwatersrandsisteem (in die volksmond bekend as *banket*) is gouddraende riwwe wat plek-plek bo die grondoppervlak uitsteek (dagsome) en maklik ontgin kan word, maar ook die aardkors duisende meter diep indring.⁷ Hoewel ontsaglike goudreserves daar-in opgesluit lê,⁸ het die ontginning daarvan soveel gespecialiseerde toerusting vereis om die erts te vergruis en die goud te herwin dat dit vir die individuele delwer byna onmoontlik was om 'n lonende onderneming daarvan te maak. Verder het die ZAR se Goudwet (Wet no. 8 van 1885) wat bedoel was om die belang van die oorspronklike grondeienaars te beskerm, probleme vir die voornemende delwer geskep as hy nie oor voldoende kapitaal beskik het om hom vir 'n geruime tyd aan die gang te hou nie.⁹

Dit verklaar waarom die aanvanklike opgewondenheid wat die ontdekking van goud veroorsaak het, teen Oktober 1886 reeds bedaar het.¹⁰ Diegene wat besluit het om te bly, was verplig om in maatskappyverband tot die goudmynbedryf toe te tree. Solank as wat dagsome met behulp van 'n oopmynstelsel ontgin kon word, was daar plek vir kleiner maatskappye. Sindikate is gestig wat aanliggende kleims opgekoop het om blokke te vorm wat groot genoeg sou wees om die oprigting te regverdig van ontginningsmaatskappye met die nodige bedryfskapitaal.¹¹

Teen die einde van 1886 en in die loop van 1887 is talle goudmynmaatskappye opgerig en oral aan die Witwatersrand, veral langs die waterlope, het vergruisingssintallasies verrys.¹² In 1887 was daar reeds 56 ertsstamper in werking

¹ F.H. JEPPE, *Transvaal book almanac and directory for 1877* (Pietermaritzburg, 1877), p. 32.

² *Ibid.*

³ J. GRAY, *Payable gold* (Johannesburg, 1937), p. 82.

⁴ *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (Kaapstad, 1968), p. 888.

⁵ GRAY, *op. cit.*, pp. 135-136.

⁶ *Ibid.*, p. 104.

⁷ A.P. CARTWRIGHT, *The gold miners* (Kaapstad, 1963), p. 330; O. LETCHER, *The gold mines of Southern Africa* (Johannesburg, 1936), pp. 6-7.


⁸ S.H. FRANKEL, *Capital investment in Africa* (Londen, 1938), p. 87; C.B. JEPPE, *Gold mining on the Witwatersrand I* (Johannesburg, 1946), p. 64, tabel II.III.

⁹ W. BLELOCH, *The new South Africa: its value and development* (Londen, 1902), p. 74.

¹⁰ GRAY, *op. cit.*, pp. 104-105.

¹¹ *Ibid.*, p. 105; CARTWRIGHT, *op. cit.*, p. 77.

¹² LETCHER, *op. cit.*, pp. 92-94.



'n Sianiedreduksie-aanleg by die Robinson Deep Mine in Johannesburg gedurende die pioniersjare.

FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

wat die goudmynmaatskappye in staat gestel het om 19 000 onse fyngoud¹³ ter waarde van £81 000 te produseer. Drie jaar later het die Witwatersrandse myne 408 000 onse fyngoud per jaar ter waarde van £1 735 000 opgelewer.¹⁴ Reeds voor die totstandkoming van Johannesburg het die toestroming van mense na die Witwatersrand dit noodsaaklik gemaak dat een of ander vorm van plaaslike bestuur ingestel word om 'n enigsins ordelike samelewing te verseker. Artikel 34 van die Goudwet (1885) het voorsiening gemaak vir die verkiesing deur lisensiehouers van 'n delwerskomitee van nege lede om ten behoeve van die delwersgemeenskap op te tree. Hierdie komitee wat onder voorsitterskap van die mynkommissaris sou funksioneer, kon bepalings en regulasies opstel om plaaslike sake te reël. Von Brandis het dan ook kort na die proklamasie van die Witwatersrandse goudvelde die verkiesing van 'n delwerskomitee bepaal vir 8 November 1886.¹⁵ Dié delwerskomitee het op 24 November 1886 vir die eerste maal vergader en het 'n aantal interessante persoonlikhede ingesluit, onder andere kolonel I.P. Ferreira wie se kamp die kern van Ferreirasdorp uitgemaak het, en dr. Hans Sauer, ouuteur van *Ex Africa* (Londen, 1937) en broer van die bekende Kaapse IWV en latere Uniekabinetsminister, J.W. Sauer.¹⁶

Hoewel Johannesburg nie 'n geproklameerde dorp was nie en dus nie op 'n gesondheidskomitee aanspraak kon maak nie, was die inwoners van die delwerye oortuig van die belangrikheid van so 'n status en op 13 Oktober 1887 is konsepregulasies aan die spesiale landdros gestuur vir voorlegging aan die ZAR-regering. Die vertoë is gunstig ontvang en toestemming is verleen dat een gesondheidskomitee ingestel word vir Johannesburg, Marshallsdorp en Ferreirasdorp. Die gesondheidskomitee wat vir 'n ruk lank eintlik langs die delwerskomitee gefunksioneer het, is op 19 Desember 1887 verkies.¹⁷ Versoeke vir die instelling van munisipale bestuur vir Johannesburg het egter op dowe ore gevallen, deels

omdat die regering die goudvelde as van tydelike aard beskou het en andersyds bevrees was dat 'n regering binne 'n regering geskep kon word.¹⁸

Die ZAR-regering se standpunt oor die tydelike aard van die goudvelde was nie vreemd nie. Trouens, die mynboumetodes wat deur die meeste maatskappye toegepas is, het daarop gedui dat slegs 'n beperkte leeftyd vir die goudmynbedryf voorsien is. Die ineenstorting wat die bedryf in 1889/90 beleef het, het egter gouer gekom as wat verwag is. Namate die myne dieper gedelf is, het die geoksideerde konglomeraat plek gemaak vir pirietkonglomeraat waaruit die goud nie deur middel van die destydse kwiksilwerwinningsproses gehaal kon word nie. Die pirietkonglomeraat wat op 'n diepte van ongeveer 30 meter begin voorkom, bevat sulfiede waarin yster, koper, lood en sink saam met goud voorkom as gevolg waarvan die winningsproses verydel word. Hoewel die MacArthur-Forrest-proses vir die winning van goud¹⁹ uit pirietkonglomeraat reeds vervolmaak en gepatenteer was toe die krisis ontstaan het, was niemand aan die Witwatersrand daarvan bewus nie. Sonder dat dit enigsins nodig was, het daar paniek aan die Witwatersrand uitgebreek: maatskappye het ontbind, myne is gesluit en die mark in goudaandele het ineengestort. Johannesburg het gevaar geloop om 'n "spookdorp" te word. Teen die tyd dat die mynbedryf uiteindelik die goeie nuus ontvang het dat daar

¹³ Die internasionale meeteenheid vir edelmetale is die troy-ons (1 troy-ons = 31,1035 gram).

¹⁴ D.M. GOODFELLOW, *A modern economic history of South Africa* (Londen, 1931), p. 174.

¹⁵ M.S. APPELGRYN, *Johannesburg: ontstaan en eerste bestuursreelings 1886-1899* (Pretoria, 1984), pp. 42-44.

¹⁶ *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 635 e.v.

¹⁷ APPELGRYN, *op. cit.*, pp. 56-59.

¹⁸ *Ibid.*, pp. 65-66.

¹⁹ Die MacArthur-Forrest-proses is ook bekend as die sianiedproses omdat 'n oplossing van kaliumsianied gebruik word om die goud op te los. Kyk BLELOCH, *op. cit.*, p. 14; LETCHER, *op. cit.*, pp. 100-101.

'n proses bestaan om die pirietkonglomeraat lonend te ontgin en dat sake na normaal kon terugkeer, het baie van die kleiner maatskappye reeds van die toneel verdwyn.²⁰

Die krisis wat die goudmynbedryf in 1890 beleef het, het bygedra om die bedryf te rationaliseer. Die kwiksilwerwinningsproses was uitgedien en die oopmyne se leeftyd was aan die verstryk. Hierdie praktyk van ontginning sou mettertyd plek moes maak vir diepvlakmyne met gesofistikeerde vergruisings- en goudwinningsinstallasies. Om 'n diepvlakmyn te ontwikkel, het kapitaal, tyd, kundigheid en bestuur vereis wat voorheen ongekend was. Daarby was dit so 'n risante onderneming dat selfs groot produserende maatskappye daarvoor teruggedrein het. Aan die Witwatersrand is die probleem deur groepvorming oorbrug. Kleiner ondernemings is saamgevoeg om sterk maatskappye te vorm. Die beheer in hierdie produserende maatskappye is deur 'n aantal kapitaalkragtige finansiële instellings verkry.²¹

Hierdie instellings wat vir alle praktiese doeleinades beheer oor die goudmynbedryf gekry het, was in die hande van enkele kapitaalkragtige persone soos Alfred Beit, Julius Wernher, Hermann Eckstein, Lionel Phillips, Cecil John Rhodes en J.B. Robinson.²² Daardeur is dit moontlik gemaak om die vraagstukke waarmee die goudmynbedryf te kampe gehad het, op die mees doeltreffende manier op te los. Die feit dat goud nie-mededingend bemark kon word omdat die wêreldprys daarvan op £4,247727 per fyn ons vasgepen was,²³ het verder daartoe bygedra dat ondernemings wat normaalweg met mekaar sou wedywer, kon saamwerk om die bedryfskoste van die goudmyne so laag as moontlik te hou.



Mynbou-aktiwiteite by Nataalspruit, Johannesburg, met uitgravings duidelik sigbaar in die voorgrond.

FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA.

om die verbluffendste verklarings uit te reik wat betref die enorme dieptes wat die myne sou kon bereik, die omvang van die goudertsreservewes en die winste wat daaruit verkry sou kon word.²⁷ Dit het later geblyk dat die meeste van die vooruitskattinge inderdaad die potensiaal van die Witwatersrand heeltemal onderskat het.

Nadat die Witwatersrandse goudvelde die krisis van 1890 oorleef het en kenners die ontwikkelaars oortuig het dat die goudertsreservewes meer as voldoende is, was Johannesburg se toekoms verseker. Wat in 1886 maar 'n onaansienlike mynwerkerskamp was, het teen 1894 ontwikkel in 'n stad met talle voorstede en ruim 50 000 Blanke inwoners. Gedurende 1896 en 1897 is gemiddeld 150 tot 170 nuwe huise voltooi in Johannesburg wat toe saamgestel was uit die goedkeurde sogenaamde standsdorp Johannesburg, Marshallsdorp, Ferreirasdorp, City en Suburban, Mayfair en Morrisdorp (met Fawcudsorp, Fordsburg en Jeppesdorp wat op goedkeuring gewag het). Daarbenewens kon die jong stad voor die eeuwisseling aanspraak maak op sowat 28 voorstede wat op ongeproklameerde grond uitgelê is, sodat in 1899 met reg beweer kon word: "In het midden van de thans wereldberoemde delverijen, genaamd de Witwatersrand, ligt Johannesburg, die grootste en bedryvigste stad van Zuid-Afrika."²⁸

Die ZAR-owerheid wat nie onbepaald die oë kon sluit vir ontwikkelinge aan die Witwatersrand nie, moes uiteindelik toegee aan die gemeenskap se druk om groter seggenskap in plaaslike bestuursake. Reeds op 4 Oktober 1897 is die voorlopige stadsraad van Johannesburg gekonstitueer, enkele dae na die aankoms van Johan Zulch de Villiers as regeringsbenoemde burgemeester. Die eerste stadsraadsverkiesing is op 3 November 1897 gehou en hoewel die gemeenskap ontevrede was omdat die helfte van die stadsraad stemgeregtigde burgers van die ZAR moes wees en die burgemeestersamp 'n regeringsaanstelling, is hiermee 'n belangrike doelwit in die ontwikkeling van Johannesburg bereik.²⁹ ☐



Langlaagte Deep Gold Mine — "moderne" apparaat vir die herwinning van goud.

FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

Die samewerking tussen die myneienaars en ander belanghebbende groepe is beliggaam in die eerste Kamer van Mynwese wat in 1887 onder voorsitterskap van H.W. Struben tot stand gekom het. Hierdie organisasie het nooit werkelik steun geniet nie en is in 1889 onder voorsitterskap van Hermann Eckstein hersaamgestel.²⁴ Hoewel hierdie liggaa verskeie naamwysigings ondergaan het, het die Kamer van Mynwese se doelstellinge sedert dit gestig is wesenlik onveranderd gebly, naamlik om mynbelange, veral dié van die goudmynbedryf aan die Witwatersrand, te beskerm en te bevorder. Om verdeelde trou uit te skakel, is lidmaatskap tot myneienaars beperk.²⁵

Alle probleme waarmee die goudmynbedryf rekening moes hou, was ondergeskik aan een sentrale vraagstuk, naamlik die beskikbaarheid van voldoende hoeveelhede ekonomies ontginbare gouderts. In die jare negentig is reeds met behulp van omvattende diepvlakprospektering vasgestel dat die goudertsreservewes besonder groot is en dat die goudinhoud daarvan net minimaal afneem namate dieper gedelf word.²⁶ Myningenieurs het eintlik met mekaar gewedwyer

²⁰ CARTWRIGHT, *op. cit.*, pp. 94-101.

²¹ W.F.J. STEENKAMP, *Die goudmynbedryf in die Suid-Afrikaanse ekonomie* (Pretoria, 1968), pp. 2-3.

²² CARTWRIGHT, *op. cit.*, pp. 81-115.

²³ STEENKAMP, *op. cit.*, pp. 2-3; LETCHER, *op. cit.*, p. 531.

²⁴ D.A. ETHEREDGE, *The early history of the Chamber of Mines* (MA, UW, 1949), pp. 1-14.

²⁵ *Ibid.*, p. 16.

²⁶ LETCHER, *op. cit.*, pp. 108-110.

²⁷ CARTWRIGHT, *op. cit.*, pp. 103-104.

²⁸ H. KUIPERS en H.C. DE BRUYN PRINCE (samestellers), *Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek*, 1899 (Pretoria, 1898), pp. 341 en 345.

²⁹ APPELGRYN, *op. cit.*, pp. 128-129.